KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE RAAD WAT GEHOU IS OP DONDERDAG 20 MEI 2010 OM 14H00 TE WILLISTON RAADSAAL.

N O T U L E

1. PRESENSIE

Raadslid JJ De Wee	: Burgemeester
Raadslid CD Malan	
Raadslid JK Malho	
Raadslid SJC Theron	
Raadslid JJ van der Colff	
Raadslid MM Van Wyk	
Raadslid JJJ Storm	
Mnr L Nothnagel	: Munisipale Bestuurder
Dr MK Botha	: DBSA
Mnr SJ van Schalkwyk	: Hoof: Finansies

2. OORWEGING VAN BEGROTING 2010/2011

BESLUIT DAT:

1. die begroting van waarskynlike kapitaaluitgawes en befondsing soos vervat in bylae "A" aanvaar word;

2. die begroting van waarskynlike inkomste en uitgawe op die bedryfsrekening soos vervat in bylae "B", aanvaar word;

3. die volgende eiendomsbelastingheffings vir die periode 1 Julie 2010 tot 30 Junie 2011 vasgestel word:

Alle Dorpe	:	0.009033c in die rand
Landelike gebiede	:	0.0022968c in die rand
Instandhoudingsheffing:	:	0.0009c in die rand (net van toepassing op Sutherland Dorpsgebied)

4. dat die volgende vrystellings / kortings op eiendomsbelasting toegestaan word:

4.1 persele wat vir woondoeleindes gesoneer is en uitsluitlik vir woondoeleindes gebruik word en waarvan die totale waardasie ten opsigte van grond en verbeterings R15 000,00 en minder beloop, outomaties van eiendomsbelasting vrygestel word;

4.2. Eienaars van eiendom wat 60 jaar en ouer is wat een eiendom besit en dit permanent

bewoon met ‘n huishoudelike inkomste wat nie meer is as 3x die staatspensioen per huishouding per maand is nie, 25% van jaarlikse belasting tot maksimum van R1 000

5. dat vir die doeleindes van (4) ‘n belastingpligtige soos volg omskryf word: “‘n Geregistreerde eienaar van ‘n belasbare eiendom wat dit bewoon en dit beheer en wat vir die betaling van die belasting daarop verantwoordelik is.

6. dat, vir die doeleindes van (4), die inkomste van ‘n belastingpligtige geag word die totale inkomste van die belastingpligtige en sy/haar eggenoot of eggenote uit alle bronne plus die inkomste van alle inwonende kinders uit alle bronne, te wees;

7. dat, alvorens belastingkorting ooreenkomstig (4) toegestaan word, voldoende bewys van Inkomste gelewer word;

8. dat elektrisiteitgelde verhoog word ten opsigte van verbruik wat na 1 Julie 2010 plaasvind;

9. dat watergelde wat gebaseer is op ’n stygende blokstelsel word ten opsigte van verbruik wat na 1 Julie 2010 plaasvind;

10. dat gelde betaalbaar vir ander dienste gelewer, verhuur of voorsien met ingang 1 Julie 2010 verhoog word;

11. dat die volledige tarieflys en verdere besonderhede gedurende normale kantoorure by die Munisipale kantore ter insae sal wees.

12. Dat die volgende beleide herbevestig word:

- Begrotingsbeleid;
- Tariefbeleid;
- Kredietbeheerbeleid

3. AFSLUITING

Die vergadering verdaag om 15:25